Laat julle as lewende stene opbou tot 'n geestelike huis,
om 'n heilige priesterdom te wees en geestelike offers te bring
wat deur Jesus Christus vir God welgevallig is.

- ***1 Petrus 2:5***

Die kerk bestaan uit lewende stene wat in een gebou saamgevoeg word. Ek en jy vorm deel van God se gebou, ons is ingemessel.
Om hierdie heilige priesterdom te wees vra dat ons Geestelike offers sal bring wat deur Jesus Christus welgevallig is.

Lewende Stene

Jy is ingemessel

OPENING

Hoor hoe gaan dit met elkeen (spandeer tyd saam om te luister en te ontdek)

As ons van omgewing moet verander en ons moet ‘n kerk gaan soek, watter kwaliteite/ bedienings/ fokus moet daardie gemeente hê wat sal maak dat ons deel van daardie geloofsgemeenskap wil raak?

_____
_____
_____
_____

Wanneer raak hierdie behoeftes selfsugtig?

_____
_____
_____
_____

KOM ONS BEGIN

Gesels oor hierdie woorde? Hoe dink julle leef en doen ons dit prakties?

_____

_____

_____

Ons teks vir hierdie reeks is 1 Petrus 2:5

Laat julle as lewende stene opbou tot 'n geestelike huis,
om 'n heilige priesterdom te wees en geestelike offers te bring
wat deur Jesus Christus vir God welgevallig is.
1 Petrus 2:5

Klink hierdie teks al vir jou anders noudat ons dit so gereeld hoor?

KOM ONS LEES

Kol 3:12-14

12 Julle is die uitverkore volk van God wat Hy baie liefhet. Daarom moet julle meelewend, goedgesind, nederig, sagmoedig en verdraagsaam wees. 13 Wees geduldig met mekaar en vergewe mekaar as die een iets teen die ander het. Soos die Here julle vergewe het, moet julle mekaar ook vergewe. 14 Bo dit alles moet julle mekaar liefhê. Dit is die band wat julle tot volmaakte eenheid saambind. 15 En die vrede wat Christus gee, moet in julle lewens die deurslag gee. God het julle immers geroep om as lede van een liggaam in vrede met mekaar te lewe. Wees altyd dankbaar. 16 Die boodskap van Christus moet in sy volle rykdom in julle bly. Leer en onderrig mekaar met alle wysheid. Met dankbaarheid in julle harte moet julle psalms, lofgesange en ander geestelike liedere tot eer van God sing. 17 En wat julle ook al sê of doen, sê en doen dit alles in die Naam van die Here Jesus en dank God die Vader deur Hom.

INHOUD & GESPREK

Lees weer na die 40 dae reeks ook Joh 13:34-35

34 Ek gee julle 'n nuwe gebod: julle moet mekaar liefhê. Soos Ek julle liefhet, moet julle mekaar ook
liefhê. 35 As julle mekaar liefhet, sal almal weet dat julle dissipels van My is."

Die julle vorm hier 'n eenheid. Dit dui nie net op die individu nie....

Ons almal ken die leuse baie goed: "eendrag maak mag" én "saam is ons beter"

Wat beteken die woorde vir julle :
"ek glo in die gemeenskap van die gelowiges" asook
"in een heilige algemene Christelike kerk?"

_____

_____

_____

Kyk weer na die Kol teks. Watter prakties uitvloeisel gee die Here vir ons wat uit die liefde uit moet realiseer in ons daaglikste lewe en wandel met mekaar? Skryf die kernwoorde in elke teks neer.

_____

_____

_____

_____

_____

:12 Omdat ons uitverkorenes is, wat God baie liefhet, is daar 'n daarom. 'n Leefwyse, 'n oprede wat God van ons vra. Hoe funksioneer :13-15 se woorde in jou lewe en in julle groep se funksionering?

- meelwend
- goedgesind
- nederig
- sagmoedig
- verdraagsaam
- geduld
- vergifnis
- vrede
- dankbaarheid

VERDERE GESPREK

:16 Die Woord (Blye boodskap, Evangelie) bly in ons en daarom:

- moet ons mekaar leer en onderrig in wysheid
- tot God sing
- en wat ons ook al doen dit in die Naam van Jesus doen en God daravoor en daramee dank

Wat staan vir jou hierin uit?

_____

_____

_____

UIT SONDAG SE EREDIENS

Wat kan jul byvoeg vanuit die eredienste van Sondag in ons kampusse?

_____

_____

_____

_____

_____

_____

_____

_____

MAAK VAS

Jesus wil hê ons moet as ‘n eenheid leef as Sy gemeente, liggaam of kerk.
Hy messel in ons in deur die gawes en vrug van die Gees sodat ons kan terugploeg in Sy gemeente in en in die wêreld in.

Gebruik jou tyd, gawes (en talente) en oog geld (en besittings) om as deel van di een liggaam Christus as Hoof te verheerlik.

Gebed
Here dankie dat U as Hoof van U liggaam, U ekklesia, U kerk deur U Gees, eenheid handhaaf en ons leer hoe om vanuit liefde in eenheid met mekaar te lewe.
Ons dank en
eer en
loof U Naam!

Amen

NOTAS